LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI



NUUSBRIEF 18/2026

## Mnr Gawie sê sy sê...God in ons deur Sy Gees

Ons is in Pinkstertyd. In hierdie tyd moet ons weereens besef die wonderlike geskenk wat ons van God ontvang in die vorm van die Heilige Gees. Ons dink gedurig ook aan Christus se opoffering vir ons ten speite van die feit dat ons dit eintlik nie verdien nie. Ons dink aan Petrus, wat hart en mond belowe het hy sal sterf vir Jesus. Petrus het egter drie maal ontken dat hy Jesus ken. Dink net aan die oomblik nadat Petrus Jesus verloon het en Jesus deur die skare stip na Petrus gekyk het. Daar, tussen al die mense was daar vir Petrus net twee mense, hy en Jesus. Dink jouself in Petrus se skoene, geen wonder hy het uitgehardloop en bitterlik gehuil nie. Ten spyte hiervan het Petrus steeds die Heilige Gees as gawe ontvang. Het hy dit verdien? Nee! Met Petrus se eerste toespraak het meer as 3000 mense tot bekering gekom. Hierdie selfde geskenk is ook tot ons beskikking. Verdien ons dit? Nee, maar God gee dit steeds. Ons vergeet soms, Jesus het klaar die prys betaal, ons moet dit net in ontvangs neem.




## Goegieland

Baie dankie aan almal wat vanmiddag kom help verf om ons terrein op te knap. Ons waardeer elke ouer se tyd, moeite en bereidwilligheid om hand by te sit, opreg.

**ONTBYT EN EETGOED:** Maats moet asseblief reeds soggens tuis eet. Leerders mag ongelukkig nie met eetgoed in hul hande by die skool aankom nie, aangesien dit maklik onenigheid tussen kleuters veroorsaak. Skil asseblief ook reeds vrugte tuis en onthou om 'n lepel vir joghurt saam te stuur.

**12 JUNIE 2026 - OUPA- EN OUMADAG:** Bevestig asseblief u bywoning op die Karri-toep. Meer inligting sal binnekort volg.

**KONSERTKAARTJIES:** Konsertkaartjies is op Quicket beskikbaar.

**Die Skakel** → **Goegieland Konsertkaartjies**

## Week se Program

### 26 Mei 2026

- **Krieketproewe o/13 om 13:45**

### 27 Mei 2026

- **Goegieland: Kleedrepetisie**
- **Krieketproewe o/9 om 13:30**

### 28 Mei 2026

- **Leiers te Crawdaddy's**
- **Krieketproewe o/10 om 15:00**

### 29 Mei 2026

- **Dans vs LS Secunda (Weg)**

### 30 Mei 2026

- **Pumaki's en Mini-Netbal te LS Kruinpark**
- **Bergfiets XCO #4 te Mankele**
- **Landloop ASA te HS Oosterland**

## Eksamen

Die eksamenrooster is aan u gestuur, maak asseblief seker dat u bewus is van die inhoud daarvan. Wees ook bewus dat die eksamen in die tweede kwartaal oor die algemeen handel oor die eerste en tweede kwartaal se werk, fynere afbakenings kan deur die onderwysers aan u gestuur word. Moenie vergeet van die belangrikheid om elke dag jou deel te doen nie. Die kinders wat elke dag hul deel doen en seker maak hul bly op datum, sal goed doen in die eksamen. Indien daar iets is wat nie onder knie is nie, is daar nog genoeg tyd om die probleem aan te spreek, wees dus vroegtydig in u kommunikasie na die onderwyser toe sodat die probleem aangespreek kan word.

## Wintertyd

Die verandering van die seisoen maak dat ons almal maklik siek word. In hierdie tyd moet ons ekstra moeite doen om seker te maak ons pas onsself op. Wanneer dit koud is, moet die kinders warm aantrek. Indien daar ekstra vitamines nodig is, moet dit geneem word. Die skool het genoeg opsies om seker te maak die kinders is mooi warm by die skool. Maak asseblief seker dat daar by die kleredragbeleid gehou word. Besoek gerus die skool se webtuiste om kennis te neem van die verskillende opsies.



**INLIGTINGSAAND**
**4 JUN '26**
**18:00 SKOOLSAAL**


LAERSKOOL GOEDEHOOP

**OPEDAG**
**5 JUN '26**
**14:30 TOT 17:00**

## Skaak

Baie geluk aan Juan Botha en Sebastian le Roux wat tydens die afgelope naweek se Super 12 Skaak bordwenners was! Ons is baie trots op julle!




LAERSKOOL GOEDEHOOP

GROEI EN BLOEI

**Goedehoop-Groete**
**Mnr Gawie van Niekerk**
**Prinsipaal**










| 25 Mei | 26 Mei | 27 Mei | 28 Mei | 29 Mei | 30 Mei | 31 Mei |
|---|---|---|---|---|---|---|
| TJ Nel<br>Elzé Meiring | | Nikel Els<br>Anné Brits | Mia v Eeden<br>Lienke Katzke<br>Kian Osborne | Zeah Joubert<br>Henru Smuts<br>Shu-Ané v Meyeren | Adelein Pretorius | |